# GALASIËRS & EFESIËRS

fresh

**Ons begin met 'n nuwe reeks waar ons na die inhoud van 2 briewe gaan kyk...**

**Galasiërs & Efesiërs**

**Ons begin dan hierdie week met Galasiërs.**

# JUST DO IT.

**Het jy al ooit aan die NIKE slagspreuk gedink?**
**JUST DO IT...**

**Wat beteken hierdie slagspreuk?**

**Dit sê basies dat wanneer jy NIKE skoene koop dat jy die tekkies kan aantrek en "dit net doen". Met hulle skoene kan jy berge gaan uit hardloop of 'n maraton aanpak. Jy het nou die toerusting, jy moet dit net gaan doen... JUST DO IT....**

Yesterday
you said
*tomorrow*.
Just do it.

Maar hoeveel van ons koop die NIKE tekkies ten duurste, en dan gaar daai outjies maar net stof op.

Ons het een of twee keer al die NIKE tekke aan getrek, en dalk om die blok gestap, of dalk is ons grootste droom om 'n maraton te hardloop, maar ons kom net nie by die JUST DO IT deel uit nie....

Maar aan die ander kant is daar weer die mense wat die tekke binne 'n jaar so deur hardloop dat hulle elke af en toe weer nuwe tekkies moet kry, want hulle "DO IT!!!”


Galasiërs

**Dit is baie keer die verwagting van die kerk leiers. Ons werk hierdie preke uit en doen al die navorsing en vertel vir die gemeente, hier is die inligting, JUST DO IT....**

**Dis asof ons die tekkies in jou hand druk en sê, "Daar gaan jy, doen dit net...”**

**Maar dan besef ons dat dit nie so maklik is om net te gaan en dit te doen nie....**

**Baie keer is ons geloof en ons verhouding met Jesus soos ons tekkies wat net stof op gaar...**

**Paulus het in Galasiërs hierdie probleem op 'n ander vlak beleef...**

**Die kerk van die Galasië het Jode en nie-Jode gehad wat albei Christenne geword het, maar die Jode het terug begin keer na hulle ou gebruike en tradisies, en hulle het van die nie-Jode verwag om ook die Jodse gebruike en tradisies aan te neem.**

**Soos bv: Hulle wou hê die nie-Jode moes ook besny geword het, en baie van hulle was toe besny.**

**Paulus sit toe in 'n situasie waar hy hulle moet herinner waaroor die ware Evangelie en die geloof in Jesus eintlik gaan...**

# Galasiërs 1:6-9

6Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur
die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n
ander evangelie aanneem. 7Daar is geen ander evangelie
nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus
probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring
bring. 8Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die
hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met
die evangelie wat ons aan julle verkondig het – die vloek
van God sal hom tref! 9Ons het dit voorheen al gesê en ek
sê dit nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie
verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle
ontvang het – die vloek van God sal hom tref!

**Wat lees jy in Galasiërs 1:6-9 raak?**

**Sien jy hoe die gemeente van Galasië ‘n ander evangelie as Jesus begin aanneem het?**

**Soos, “Jy moet besny wees om gered te wees.”**

Galasiërs 2:15-21

## Geregtigheid uit die geloof

15Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die
heidene nie. 16En tog weet ons dat 'n mens nie van
sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te
onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te
glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus
gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in
Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie,
want geen mens word vrygespreek op grond daarvan
dat hy die wet onderhou nie.

17As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat
ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens
van die sonde staan? Beslis nie! 18Maar as ek die bepalings
van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan
maak ek myself daarmee tot 'n oortreder. **19Maar wat my**
**betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir**
**God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, 20en**
**nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in**
**my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in**
**die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys**
**het deur sy lewe vir my af te lê.** 21Ek verwerp nie die
genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op
grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers
beteken dat Christus verniet gesterwe het.

**Wat lees jy in Galasiërs 2:15-21 raak?**

**Dink aan die gedeeltes wat vir jou uit staan.**

**Paulus herinner die mense dat deur Jesus alleen is hulle gered.**

**Dit is vandag wat ons ook mee geherinner word...**

**Deur Jesus alleen is ons gered...**

**Met die ware Evangelie in gedagte, dat ons deur Jesus se genade alleen gered word, moet ons die vraag vra... "Hoe leef ek nou in hierdie redding en genade?"**

**Ek het die tekkies, hoe kan ek nou die maraton gaan hardloop?**

# 1. EK LEWE NIE MEER VIR MYSELF NIE...

Galasiërs 2:19 "Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, 20en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."

**Ons lewe nie meer vir onsself nie, ons is dood in onsself. Ons is saam met Christus gekruisig. Dit beteken dat my sonde is dood, en my lewe is nie meer my eie nie, maar dit is Christus wat in ons lewe...**

# 2. CHRISTUS LEWE IN MY

Galasiërs 2: 20 "en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."

**Jesus het aan die kruis geserf, en Hy het weer uit die dood uit opgestaan. Hy gee hierdie ewige lewe vir ons. Ons maak nou nie meer staat op onsself of op ons werke om gered te wees nie, maar Jesus gee dit vir ons. Deur Hom het ons die lewe en Hy lewe in ons. Hy verander ons denke, Hy verander ons optrede...**

# 3. EK VIND MY RUS IN HOM

Galasiërs 2: 20 "Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

**Deur Christus wat in ons leef is dit nou moontlik om te glo. Ons glo nie meer uit onsself uit nie, maar deur die geloof wat Hy ons gee. Hy bewys Sy liefde vir ons deur te sterf aan die kruis toe ons nog sondaars was, toe ons nog vyande van God was. En Hy gee hierdie lewe wat Hy het, die ewige lewe...**


EVERYTHING
YOU NEED
IS ALREADY
INSIDE

**Hierdie geloof in die ware Evangelie is die NIKE TEKKIES wat ons het, wat sê: JUST DO IT...**

**Ons kan dit net doen (LEWE) omdat Jesus vir ons geserf het en weer uit die dood uit opgestaan het.**

**Ons kan met sekerheid weet dat ons gered is, nie deur ons eie dade nie. Ons is gered deur dit wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het...**

**Dalk is hier van ons wat die Evangelie gehoor het, en gedink het: "Sjoe, ek wil so graag vir Jesus lewe en alles vir Hom gee, maar dit is maar 'n streid." Jy het die tekkies ,maar dit lê net in jou kas...**

**Dalk is hier van ons wat die tekkies het, en die resies hardloop, maar jy hardloop net vir jouself, die wenstreep is net vir jouself...**

**Dalk is hier van ons wat die tekkies het, die resies hardloop, en dit vir die Glorie van Jesus doen, en saam met Jesus doen... HOU SO AAN...**

**Die punt is, waarokal jy jouself vind: Met tekkies wat stof opgaar, Met tekkies maar net vir jouself, of met tekkies en vir die Glorie van Jesus,**

**Kan ons weet dat Jesus hou aan om die genade wat Hy 2000 jaar terug aan ons bewys het, elke dag opnuut vir ons te gee. Hy kom haal ons waar ons is. Ons moet Hom net toelaat om ons te lei.**

